Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Praktiese onderwys 453 (PRO 453)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Opvoedkunde
Modulekrediete	28.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
	BEd Intermediêrefase-onderwys
	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	PRO 280 en PRO 380 geslaag.
Kontaktyd	8 weke, slegs bywoning
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Geesteswetenskaplike Opvoedkunde
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

Hierdie is ‘n amptelike voltydse module, waar studente blootgestel word aan die professionele skoolomgewing onder die mentorskap van ‘n ervare mentor onderwyser, asook ‘n ervare mentor dosent vir ‘n periode van 8 weke in die derde kwartaal van die skooljaar. Die fokus is op algemene klaskamerpraktyk, skooladministrasie, buitemuurse - aktiwiteite en die optrede as verantwoordelike gemeenskapsburgers in die skoolomgewing. Die studente moet ook ‘n professionele portefeulje voorberei en ‘n vasgestelde aantal lesse fasiliteer wat deur die betrokke skool geassesseer sal word. Die professionele portefeulje word deur die toegewysde mentor dosente geassesseer. Plasings vir die module kan in skole nasionaal of internasionaal geskied.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.